

VSA Dollar: die einde, of net nog 'n siklus?

Uitgawe 102: Mei 2023

Kan ons die einde van die Amerikaanse Dollar sien, of bloot die einde van nog 'n siklus van 'n sterk Dollar? Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog (2WO) is die verlede besaai met opskrifte wat die einde van die magtige Amerikaanse Dollar, of "USD", voorspel het. Sulke gerugte gaan dikwels gepaard met voorspellings van 'n totale ineenstorting van aandelemarkte en miskien 'n terugkeer na die Goud-standaard. Verkoopers van die edelmetaal verlustig hulle in die onderwerp. Hulle belowe meestal dat solank kliënte goud (of dalk silwer) koop, sal al hierdie onsekerhede eensklaps verdwyn. Ons verskaf konteks deur bespreking van 'n paar en krisisse en die impak of die USD.

Bretton Woods

Die sterkste anti-USD-standpunte is waarskynlik gedurende die vroeë 1970's gelug toe die Bretton Woods-stelsel van vaste wisselkoerse in duie gestort het. Dit was 'n baie belangrike oomblik – waarskynlik die een toe die risiko vir die USD groter was as op enige ander tyd sedert die 2WO.

Die huidige wêreldwye monetêre stelsel het ná die 2WO begin toe die USD ten volle deur goud gesteun was. Internasionale handel was nie betaal deur fisiese goud tussen regerings oor te dra nie, maar deur USD te betaal in die volle geloof dat die Federale Reserwebank (die sentrale bank van die Verenigde State van Amerika) die goud teen \$35 per ons namens die eienaars van USD hou. Wisselkoerse van ander lande is vasgestel op die basis van USD (dit kon wissel binne 'n 1%-interval).

Weens groot handelstekorte en die koste van oorloë kon die VSA nie die \$35 per ons goudprys handhaaf nie. Mettertyd het die prys verskeie so groot geword dat die VSA geen ander keuse gehad het as om die stelsel in 1971 te laat vaar nie.

1987 se aandelemark ineenstorting

Op 19 Oktober 1987 het die Amerikaanse aandelemark binne een enkele dag met 22% geval. Paniek was oraloor. Die USD en veral aandelemarkte het dit oorleef.

Verskafferonderbrekings in die oliemark

Olievoorraad, onderbrekings en tekorte gedurende 1973 (Yom Kippur-oorlog), 1979 (Iranse revolusie), 1991 (Golfoorlog), 2003 (Irak), 2020 (inperkings en ooraanbod) het geen blywende langtermyn-effek op die USD gehad nie.

Dot-com van 2000

Die NASDAQ-indeks het 80% van sy waarde verloor en meer as 'n dekade geneem het om te herstel. Die S&P500-indeks beter gevaar. Die USD, nadat dit aanvanklik skerp gedaal het, het herstel namate Amerikaanse rentekoerse bo Europese rentekoerse gestyg het.

Die Groot Finansiële Krisis (GFC) van 2008

Die meeste van die vorige krisisse sedert die 1970's het nie in die VSA ontstaan nie. Die kern van die 2008 GFC was 'n suiwer Amerikaanse subprima-verbandkrisis. Swak eiendomslenings is herverpak in en aan ander beleggers verkoop vir 'n hoë opbrengste tydens 'n lae rentekoers omgewing. Die bankrotskap van *Lehman Brothers* in September 2008 was die lont.


Die GFC was 'n skouspelagtige krediet-krisis met vrese en heersende wantroue dwarsdeur finansiële markte.

Die Federale Reserwebank het vanaf Maart 2009 ingegryp en groot hoeveelhede USD geskep. Teen die einde van die sogenaamde kwantitatiewe verruimings-proses, het die basisgeldvoorraad van USD met 'n faktor van 4 uitgebrei. Die USD-doemprefete was weer op al die voorblaie. 15 jaar later is die USD meer as 30% sterker en die vertroue het nog nie getaan nie.

Amerikaanse monetêre verruiming en Goud

Daar word beraam dat die inperkings tydens 2020 meer as 20 miljoen Amerikaners sonder werk gelos het (ongeveer 13% van die arbeidsmag). Die Amerikaanse regering het besluit om mense met geld toe te gooi. Gevolglik het die Amerikaanse sentrale bank nog 'n paar triljoen USD geskep en die basisgeldvoorraad altesaam weer verdubbel. In teenstelling met die GFC, was die uitbreiding baie vinniger en het gepaard gegaan met aansienlike ontwrigting in die verskafferketting (bv. Goedere kon nie van China af kom waar dit moes wees nie). Die skaarste het baie hoë inflasie tot gevolg gehad. Die doemprefete was weer uit, maar kan nie verduidelik hoekom die USD so sterk bly nie.


Vir internasionale handel bly die USD die belangrikste. Volgens die Bank van Internasionale Verrekening was die USD gedurende 2022 die tweede been in 88% van valutaruiltransaksies. Die Internasionale Monetêre Fonds data hieronder wys hoe baie USD nog deur buitelandse sentrale banke regoor die wêreld gehou word.



Wat as dinge vir die geldstelsel skeefloop?

Die USD sal moontlik nie so sterk bly nie. Wanneer rentekoerse weer gesny word, sal die USD heel waarskynlik terugval. Indien die stelsel in duie stort en alles van voor af moet begin, sal goud waarskynlik die verwysingspunt wees – en teen baie meer as die huidige prys van sowat \$2 000 per fynons.

VSA Dollar: die einde, of net nog 'n siklus?



Source: TradingEconomics

Hy wat dus die goud het, maak die reëls. Hierbo is 'n tabel van die sentrale bank van elke land en hul goudbesit. Dit is duidelik dat die VSA en sy bondgenote verreweg die grootste goudreserwes het.

Behoort beleggers 'n swakker USD te vrees?

Ons dink nie so nie. 'n Oordelike verswakking van die USD sal deel wees van die normale sake-siklus en waarskynlik nuttig vir Amerikaanse maatskappye want:

- Amerikaanse uitvoere word meer aantreklik vir internasionale markte (die goedere en dienste sal nie meer so duur wees nie);
- Die S&P500, 'n breë mark-indeks van die grootste genoteerde maatskappye, verdien juis 'n beduidende deel van sy inkomste buite die Verenigde State. Wanneer die USD-geldeenheid verswak, is sy verdienste meer werd in USD-terme;
- USD-befondsing is tipies goedkoper vir internasionale markte, wat tipies lei tot hoër ekonomiese groeipotensiaal vir ekonomieë en aandelemarkte buite die VSA.

Ons gevolgtrekking

Nie een van die vorige verdoemende voorspellings oor die USD het nog waar geword nie. Miskien sal dit eendag waar word, maar na alle waarskynlikheid sal die VSA nog vir dekades die oorheersende nasie bly. As sodanig sal sy reserwe- en valutastatus vir internasionale handelsbetrekkinge waarskynlik behoue bly.

Op hierdie stadium kan die grootte van die Amerikaanse ekonomie, sy weermag en die omvang van sy internasionale kommersiële reikwydte nie deur enige ander nasie geëwenaar word nie.

Daarbenewens word die USD gesteun deur 'n stewige, selfversorgende en gediversifiseerde binnelandse ekonomie ver weg van geo-politieke konflik. Ten spyte van enige pogings deur byvoorbeeld China of Rusland, is dit onwaarskynlik dat ons binnekort die einde van die USD se globale soewereine status sal sien; veral gegewe die Verenigde State se groot goudreserwes.

Ons bly dus vol vertroue om kliënte se fondse in die wêreld se finansiële aandelemarkte te belê. Ons koop in wese fraksies van maatskappye wat goedere en dienste vervaardig wat mense regoor die wêreld verbruik.